

6 Julie

**Skrifgedeelte: Psalm 59 (NAV)
Fokusgedeelte: Psalm 59:17**

“God is ’n veilige vesting”

Daar is in ons tyd baie rede om bang en verskrik te wees. Dink maar net aan die bedreiging van siekte in die lewe ... dink aan die geloofstryd wat ’n mens soms voer ... of dink aan die onrus en geweld in ons land. Voorwaar baie om oor onveilig en beangs te voel.

Dit is soos Dawid gevoel het toe hy Psalm 59 gedig het. Sy vyande het hom omsingel. Sy lewe word bedreig. Hy voel beangs en onveilig. En nog angswekkender word die gevaar as dit vanaand donker word. Hierdie Psalm kan daarom eintlik omskryf word as ’n “aandgebed” waarin Dawid verseker weet God is daar ... ’n veilige vesting ... ’n rots om by te skuil.

Dit is dan dat ’n woord soos Psalm 59 jou ryklik vertroue en moed gee. Want kyk, die Here word in hierdie Psalm besing as ’n “veilige vesting”. Tot drie maal toe word hierdie woorde gebruik (vs 10, 17 en 18). Vlug na God toe ... Hy is daar en Hy hou wag oor jou lewe. Die belofte van beskerming en veiligheid is alleen by God te vind. Natuurlik moet jy jou verantwoordelikheid nakom en jouself beveilig, maar bo alles troon ’n God uit wat ’n veilige vesting bied.

Die heerlikheid van God as veilige vesting vind ons in die lewe van Christus. Toe alle vyandelike magte, ja, selfs die magte van die hel op Hom toegesak het, het Hy sy vertroue in God gestel. En die Here het Hom veilig in sy Vaderhand bewaar sodat Hy as oorwinnaar uit die dood kon opstaan en só ons waarborg geword het dat God jou ook sal bewaar.

Gaan daarom hierdie dag en donker nag binne in die vaste wete dat die Here daar is. Loof Hom met ’n dankbare hart vol sekerheid dat Hy jou lewe regeer en jou eendag veilig in die ewige Vaderhuis sal tuisbring.

Sing: Psalm 59:10 (1936)

Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)